higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 3

(5050073)

19 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

264Q1N2419

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 3
TYD: 3 URE
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs swart of blou ink.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Inligtingsverwerking sluit die … -proses is, waardeur inligting vertolk en met vorige leer in verband gebring word.

A invoer
B integrasie
C leer
D berging

1.1.2 … leerders maak op aanraking en beweging staat om te leer.

A Oudio-
B Visuele
C Introvert-
D Taktiel-kinestetiese

1.1.3 Die waarde wat ons aan dinge heg wat ons belangrik ag, sal ons … in ‘n bepaalde situasie beïnvloed.

A intelligensie
B selfdissipline
C gedrag
D kultuur

1.1.4 Die verdeling van die brein in vier … bied ons ‘n beter begrip van die verskillende funksies van die brein.

A kwadrante
B hemisfere
C lobbe
D areas

1.1.5 Ons … beïnvloed dit wat ons verstaan, d.w.s., wat reg of verkeerd is.

A houding
B oortuigings
C belangrikheid
D regverdigheid

1.1. 6 Benet se IK-toets word gebruik om kinders se … te toets.

A behoeftes
B kreatiwiteit
C intelligensie
D vaardighede

1.1.7 As kinders te veel televisie kyk, kan dit hulle kreatiwiteit en verbeelding ….

A verbeter
B verander
C onderdruk
D uitskakel

1.1.8 … leer berus op groepwerk en die deelname van lede om in bepaalde taak te voltooi.

A Individuele
B Outonome
C Deelnemende
D Konfiguratiewe

1.1.9 Die besluit om ander mense se persoonlike inligting op sosiale media te publiseer, sal bepaal word deur die vlak van … oor hoe om op te tree.

A etiek
B gewildheid
C mense wat van die plasing gehou het
D vermakerigheid

1.1.10 Kennis kan verwerf word deur ons sintuie en … wat ons verkry het deur die inligting toe te pas.

A ervaring
B verbeelding
C abstrahering
D denke

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Om ons emosies te beheer, is ‘n teken van emosionele intelligensie.

1.2.2 Stres kan tot angstigheid en lae selfbeeld lei.

1.2.3 Die leerder moet aanpas by die manier waarop die onderwyser onderrig.

1.2.4 Universele waardes is slegs op mense in ‘n bepaalde gemeenskap van toepassing.

1.2.5 Dit is belangrik dat die onderwyser slegs inligting uit die handboek lees, en nie uit enige ander bronne nie.

Kopiereg voorbehou

1.2.6 Die persepsies van ‘n groep mense sal dieselfde wees.

1.2.7 Ouers het geen verantwoordelikheid met betrekking ot die kind se leer nie.

1.2.8 Die vraag-antwoordmetode is ‘n goeie manier vir ‘n onderwyser om die leerders se voorkennis te bepaal.

1.2.9 Inhoud sal die onderrigmetode beïnvloed.

1.2.10 Om voortydige besering te voorkom, moet fisiese ontwikkeling begin sodra die kind tien jaar oud word.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 In ‘n land soos Suid-Afrika is dit belangrik om (veroordelend/verdraagsaam) teenoor ander mense se oortuigings en waardes te wees.

1.3.2 Opvoedkundige speelgoed lei tot ‘n stimulus- (ontneemde/ryk) omgewing.

1.3.3 Die (skool/huis)-omgewing is die plek waar die kind die eerste keer oor etiese gedrag leer.

1.3.4 Vrye aktiwiteit bied aan die kind die geleentheid om hul verborge vermoëns te ontdek en daaraan uiting te gee, maar die leerder moet (die aktiwiteit ten volle oorweeg/ten volle aan die aktiwiteit deelneem).

1.3.5 Outonome leerders is (puntenerig/aanpasbaar) in hul benadering tot leer.

1.3.6 Wanneer ‘n kind gebore word met vermoëns wat van die ouers oorgeërf is, staan dit bekend as intelligensie wat deur die (omgewings/oorerwings)-proses verwerf is.

1.3.7 Die (beginsels/programme) van kinderleer hang grootliks af van die kind se begeerte en vermoë om te kan leer.

1.3.8 Dit is belangrik om die inligting wat leerders nie verstaan nie, te (identifiseer/ignoreer).

1.3.9 Breinskryf kan met (geheuekaarte/dinkskrums) vergelyk word).

1.3.10 Heelbreinleer berus op die (stimulering/onderdrukking) van die nie-dominante kant van die brein.

(10 × 1) (10)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

sintuie; kwadrante; hemisfere

2.1.1 Die brein (2.1.1) … is in vier (2.1.2) … verdeel, wat verantwoordelik is vir hoe om inligting wat ons vanaf die (2.1.3) … ontvang, vertolk. (3 × 1) (3)

2.2 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



Bron: https://bing.com

2.2.1 Bespreek DRIE voordele wat jy dink e-leer vir jou toekomstige studie kan inhou. (3 × 2) (6)

2.2.2 Identifiseer enige TWEE onderrigmetodes wat 'n dosent tydens e-leer kan gebruik om verskillende leerstyle te akkommodeer. (2 × 2) (4)

2.2.3 Lig DRIE aktiwiteite uit wat vir 'n linkerbreinleerder stimulerend en gemaklik sal wees. (3 × 2) (6)

2.3 Identifiseer jou sterkste meervoudige intelligensie. (1)

2.4 Bespreek TWEE loopbane wat jy oorweeg op grond van jou gekose meervoudige intelligensie in VRAAG 2.3. (2 × 2) (4)

2.5 Daar is 'n voortslepende debat oor intelligensie – oorerwing teenoor omgewing.

Bespreek hoe die volgende aspekte moontlik 'n invloed op 'n kind se natuurlike vermoë kan hê:

2.5.1 Biologie

2.5.2 Sosio-ekonomiese status

2.5.3 Tegnologie (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 3

3.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

> Tobeka het ernstige beserings in ‘n motorongeluk opgedoen. Haar liggaam was die volgende dag erg gekneus en baie seer. Die dokters het gedink dat sy moontlik nie weer sal kan loop nie, maar haar vasberadenheid het haar gedryf om hard te werk gedurende haar rehabilitasietydperk. Haar nuuskierigheid het daartoe gelei dat sy baie gelees het oor die beserings en gevare van voertuie wat nie padwaardig is nie. Sy raak baie angstig wanneer bestuurders te vinnig ry. Sy is deesdae baie versigtig om nie sommer saam met enigiemand te ry nie. Sy beskou haarself as baie gelukkig, aangesien die dame wat langs haar gesit het, ‘n kopbesering opgedoen het wat haar permanent blind gelaat het.

3.1.1 Watter deel van die dame wat langs Tobeka gesit het se brein is beseer wat daartoe gelei het dat sy blind is? Gee EEN feit wat jou antwoord staaf. (1 + 2) (3)

3.1.2 Watter tipe temperament het Tobeka? (2)

3.1.3 Gee ‘n voorbeeld van waar Tobeka emosionele intelligensie toon. (2)

3.1.4 Wat doen Tobeka om haar kennis of intelligensie te verbeter? (2)

3.2 Benjamin Bloom het DRIE domeine identifiseer. Identifiseer die inligting in die scenario wat met die volgende domeine verbind kan word:

3.2.1 Kognitiewe domein

3.2.2 Psigomotoriese domein

3.2.3 Sosio-effektiewe domein

(3 × 2) (6)

3.3 Lees die stellings hier onder en dui telkens aan of dit ‘n voorbeeld van OMGEWING- of OORERWINGSAKTIWITEITE denke is deur slegs “Omgewing” of “Oorerwing” langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.3) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.3.1 Sally het vanaf 4-jarige ouderdom balletklasse geneem.

3.3.2 Die wonderkind het ‘n perfekte toonhoogte en speel die klavier sonder enige formele opleiding.

3.3.3 Nadat Tami geoefen het om koeke te bak, was sy gereed om haar onderneming te open.

(3 × 2) (6)

3.4 Verwys na VRAAG 3.3.3 en gee TWEE redes waarom jy dink Tami heelbreinaktiwiteit in haar onderneming toepas. (2 × 2) (4)

3.5 3.5.1 Dink jy 'n kind se huislike omgewing kan hul leer en ontwikkeling beinvloed? (1)

3.5.2 Gee TWEE maniere waarop 'n kind se huislike omgewing na jou mening hul leer en ontwikkeling kan beïnvloed. Die invloede kan 'n kombinasie van positiewe en negatiewe aspekte wees. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer de prente hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



FIGUUR 1



FIGUUR 2



FIGUUR 3

Bron: https://bing.com

4.1 Gee VIER redes waarom regterbreindenke in die figure hier bo plaasvind. Maak seker jy gee minstens EEN rede vir elke figuur. (4 × 2) (8)

4.2 Vergelyk heelbreinleer in volwassenes en in kinders.

Bespreek TWEE verskille onder elk van die volgende opskrifte: VOLWASSE LEER en KINDERLEER. (4 × 2) (8)

4.3 Noem TWEE aktiwiteite in FIGUUR 3 wat heelbreinleer stimuleer. (2 × 2) (4)

4.4 Ons brein is verantwoordelik vir alles wat ons doen. Onderskei tussen geheue (gedagtes) en denke, deur elke konsep te verduidelik. (2 × 2) (4)

4.5 Gee ‘n kort uiteensetting van DRIE dinge wat jy dink volwassenes interessant sal vind om meer oor te leer, ongeag hul ouderdom. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die prente hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



FIGUUR 1



FIGUUR 2

Bron: https://bing.com

5.1.1 Watter tipe leerstyl vind in die foto’s hier bo plaas? (visueel, oudio of taktiel) (2)

5.1.2 Identifiseer TWEE tipes leertoerusting wat die leerders in die foto’s kan help. (2 × 2) (4)

5.1.3 Waarom kan ons sê dat die leerder in FIGUUR 2 ook ‘n mate van taktiele leer gebruik? (2)

5.1.4 Gee TWEE redes waarom leer met oorfone nie in ‘n klaskamersituasie sal werk nie. (2 × 2) (4)

5.2 5.2.1 Noem DRIE voordele wat studente sal verkry uit die leerstyle wat hulle gekies het. (3 × 2) (6)

5.2.2 Dink jy die persoon in FIGUUR 1 of die persoon in FIGUUR 2 sal die beste onthou wat hulle geleer het? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

5.3 Gee vir jou vriend DRIE idees oor wat hulle kan doen wanneer hulle die beste leer deur te luister. (3 × 2) (6)

5.4 Noem DRIE rolle van die onderwyser tydens outonome leer. (3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Sosiale media het ‘n totaal nuwe wêreld van moontlikhede in die aanleer van nuwe inligting en vaardighede ontsluit. Ongelukkig is daar ook negatiewe gevolge. Video’s van vreemdelinge wat met verskillende goed besig is, word sonder hul toestemming gepubliseer. Die visuele inhoud gee ook ‘n aanduiding waar hulle woon, en hulle kan moontlike teikens in daardie gemeenskap word. Die mishandeling van kinders is dikwels die onderwerp van video’s, met baie mense wat daarna kyk en dit eerder deel. Wetgewing het nie tred gehou nie, en talle kwesbare mense word aan kuberboelies blootgestel. Tieners word aangemoedig om selfdood te pleeg, en word vertel dat hul swak is wanneer hulle huiwer om dit te doen. In die geval van kuberafknouery kan die afknouer ver van die slagoffer af wees.

6.1	Identifiseer DRIE situasies waar vertroulikheid nie op sosiale media gerespekteer is nie.	(3 × 2)	(6)
6.2	Gee EEN positiewe en EEN negatiewe aspek van sosiale media.	(2 × 2)	(4)
6.3	Verduidelik die verskil tussen hoe ‘n skoolboelie en ‘n kuberboelie te werk gaan.	(2 x 2)	(4)
6.4	Noem TWEE dinge wat ‘n etiese persoon in die bogenoemde situasies anders sal doen.	(2 × 2)	(4)
6.5	Lig DRIE maniere uit waarop informele leer plaasvind.	(3 × 2)	(6)
6.6	Verduidelik DRIE emosionele probleme wat jy kan dink die slagoffers van kubermishandeling of -afknouery moontlik in die toekoms kan ervaar.	(3 × 2)	(6)
			[30]
		TOTAAL:	**180**

Kopiereg voorbehou